

Liberalisering van intra-Afrikahandel in wildsvleis

Biandri Joubert*

Die [Afrika-vryehandelseoreenkomsgebied](#) (AfCFTA) hou as die wêreld se grootste vrye handelsgebied reusepotensiaal vir handels- en ekonomiese groei en -ontwikkeling in Afrika in. Deur tariewe te verminder en nietariefhindernisse (NTB's) uit te skakel, is dit die AfCFTA – een van die pronkprojekte van die Afrika-unie (AU) se [Agenda 2063: Die Afrika wat ons wil hê](#) – se doelwit om intra-Afrikahandel regoor alle sektore van die vasteland se ekonomie aansienlik te verhoog, veral handel in waardetoegevoegde produksie. Dit is dus heel gepas dat die AU se tema vir 2023 “[Acceleration of AfCFTA Implementation](#)” (“Versnelling van die AfCFTA-inwerkingstelling”) is.

Die AU skat daar is woon nagenoeg 1,3 miljard mense binne die AfCFTA-gebied, wat gelykstaande aan 'n potensiële mark van \$3,4 biljoen is. Verskeie internasionale organisasies soos die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds het navorsingsdata vrygestel oor die moontlik voordele wat die AfCFTA vir die vasteland inhou. Dit sluit onder meer in ekonomiese integrasie, hoër beleggings en gedeelde welvaart, 'n hupstoot in handel, beter werksgeleenthede en 'n afname in armoede.

Skattings dui daarop dat intra-Afrikahandel met soveel as 52,3 persent opgestoot kan word. Volgens hierdie data kan dit moontlik verdubbel indien nietarief-hindernisse ook aansienlik verminder word. Dit is belangrik om daarop te let dat die voordele nie net vir intra-Afrikahandel sal geld nie, maar die verhoogde belegging sal byvoorbeeld volgens die Wêreldbank na verwagting ook teen 2035 tot 'n toename van sowat 32 persent in uitvoere na die res van die wêreld lei.

Ter viering van [Afrikadag](#) op 25 Mei, is dit die moeite werd om te noem dat die AfCFTA ook geleentheid vir handel in wildsvleis skep. Die wildsvleisbedryf kan moontlik 'n groter rol in Afrika se handelslandskap speel deur geleentheid vir ekonomiese ontwikkeling en werkskepping te bied. Die voordeel wat uit die geleentheid vir die groei in wildsvleishandel getrek kan word, sal hoofsaaklik gefasiliteer word deur die identifisering en aanspreek van NTB's wat die intra-Afrikahandel in wildsvleis beperk. Indien hierdie NTB's nie opgelos word nie, sal hulle die groei en potensiaal van die intra-Afrikahandel in wildsvleis beperk.

Om hierdie kwessie te help aanspreek, het ek navorsing gedoen om die geskiktheid van die AfCFTA NTB se verslagdoenings-, moniterings- en uitskakelingsmeganisme te bepaal wat ontwikkel is om handel deur die verwydering van NTB's aan te wakker.

Ten slotte ...

Die aanspreek van NTB's in Afrika se wildsvleishandel is uiters belangrik vir die benutting van die volle potensiaal van die AfCFTA tot voordeel van diegene wat in die wildsvleisbedryf werk. Die navorsingsbevindings werp lig op die beperkings van die AfCFTA-NTB-meganisme en beklemtoon die behoefte aan geteikende intervensies om groei in die bedryf te fasiliteer.

Deur die implementering van die beleidsmaatreëls wat aanbeveel word – soos bewusmaking oor die bedryf, die uitbouing van kapasiteit en die verbetering van toegang tot NTB-data – kan die AfCFTA die hindernisse doeltreffend uit die weg ruim wat die wildsvleisbedryf belemmer. Daarby sal die aanspreek van breër bekommernisse wat verder as die AfCFTA-meganisme strek – soos om op definisies ooreen te kom; permitprosedures vaartbelyn te maak en regsraamwerke te verfyn – 'n instaatstellende omgewing vir die volhoubare ontwikkeling van die bedryf skep.

Hierdie bevindings en aanbevelings stem ooreen met die doelwitte van die AfCFTA en die potensiaal daarvan om ekonomiese integrasie, toenemende beleggings en armoedeverligting in Afrika te

bewerkstellig. Deur hindernisse in die wildsvleisbedryf uit die weg te ruim, kan die AfCFTA intra-Afrikahandel verhoog, die vasteland se uitvoervermoë versterk en ekonomiese groei stimuleer.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

**** Dr Biandri Joubert is 'n navorsingsgenoot by die Afrika Wildlewe-ekonomie Instituut aan die Universiteit Stellenbosch en ook 'n nadoktorale navorser aan die Universiteit van die Witwatersrand.***